

ALGEMEEN

- Kandidate moet die vrae wat hulle beantwoord op die voorblad van hulle antwoordboeke aandui.
- Kandidate moet die instruksie rakende die nommering in die middel van die bladsy nakom.
- **Terminologie/Konsepte**
 - Gebrek aan begrip van vakterminologie deur kandidate.
 - Woordelys van konsepte (in handboeke aangebring) moet aan leerders onderrig word. Blystoutse ens moet gereeld gegee word.
 - Taalstoornisse – hoe om hierdie probleem te oorkom moet aangespreek word in die klas.
 - Onderwysers moet leerders bekendstel aan **GEOGRAFIESE** konsepte.
- Onderwysers moet die basiese vaktaal reeds in graad 8 onderrig.
- Kandidate moet gewys en onderrig word oor hoe om **aksiewoorde** in vrae te **onderstreep**.
- Die meeste probleme word ondervind by die toepassing van kennis by vrae wat gestel word en die meeste bronne is as begripstoetse beskou. Kandidate het dikwels net die vraag in hulle eie woorde herhaal eerder as om dit te beantwoord.
- Baie van die vrae het meer gehandel oor toepassing van kennis as bloot net oor kurrikuluminhoud.
- Vaardighede om opstelle te skryf moet onderrig word.
- Uittreksels/Artikels wat gelees moet word moet nie soos begripstoetse gehanteer word nie – moet dien as agtergrond – kandidate moet geleer word om te onderskei tussen **data-stimulus- en data-responsvrae**.
- Kandidate moet **GELEER WORD** om die inligting te analiseer en sintetiseer.
- Onderwysers moet kandidate aanmoedig om die teks/bylae in die beantwoording van vrae te gebruik.
- Kandidate het baie punte verbeur by die vrae wat gekoppel was.
- Vrae wat swak beantwoord is: 1.3.5 & 1.5.5 (d);
2.3.2 & 2.5.7
3.3.5 & 3.5.8 and
4.3.5 & 4.4.3.
- Die kortvrae is goed beantwoord.

ANALISE VAN VRAESTEL**AFDELING A****Vraag 1**

- 1.1 Goed beantwoord.
- 1.2 Goed beantwoord.
- 1.3
 - 1.3.1 Tegniek om die diagram wat verskaf is te gebruik is nie deur al die kandidate toegepas nie.
 - 1.3.2 Kandidate het nie die term "orkaan" verstaan nie; hulle het eerder na vulkane verwys en weereens het basiese kennis van konsepte kandidate in die beantwoording van die vraag gestrem.
 - 1.3.3 Kandidate het nie die vrae behoorlik verstaan nie – hulle het net oor globale verwarming geskryf en **kon nie hul vakkennis aan werklikhede koppel nie**.
 - 1.3.4 Goed beantwoord.
 - 1.3.5 Kandidate het nie die vermoë gehad om die inligting te orden nie.
- 1.4
 - 1.4.1 Swak beantwoord.
 - 1.4.2 Onregverdige vraag.
 - 1.4.3 Sommige kandidate het glad nie hierdie vraag beantwoord nie.
 - 1.4.4 Swak beantwoord alhoewel dit as 'n onregverdige vraag beskou kan word.
- 1.5 Die hele vraag is swak saamgestel en is oor die algemeen swak beantwoord. Die uittreksel en die diagram het en die twee kon nie on verband met mekaar gebring word nie. Kandidate het gesukkel om hierdie vraag te beantwoord.

Vraag 2

2.1 – 2.2 Oor die algemeen goed beantwoord.

2.3

2.3.1 (a) tot (d) Goed beantwoord.

(e) Kandidate was nie seker oor die middelbreedte-sirkoon (weersisteesem) nie en hoe om die sirkoon van die satellietbeeld af oor te teken nie.

2.3.2 Kandidate het vorige antwoorde herhaal alhoewel dit moeilik was om feite wat 12 punte werd was te weergee. Intendeel, dit was moeilik om volpunte daarvoor te kry.

2.4

2.4.1- 2.4.3 Albei vrae is swak beantwoord.

2.4.4 As meer klem geplaas is op somer- en winterweers toestande oor die binneland van Suid-Afrika, sou kandidate beter gevaar het, maar ongelukkig was die vraag oorlaai met moeilike bewoording soos “**basishoogte van die dalende inversie**”. Kandidate het meestal na die klimaat van die Wes-Kaap verwys.

2.5

2.5.1 Die konsep is swak beantwoord. Kandidate het die beskrywing in die eerste paragraaf van figuur 2.5 oorgeskryf.

2.5.2- 2.5.4 Goed beantwoord.

2.5.5 Kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, kon nie die diagramme aan afloop, infiltrasie en dreineerdigheid koppie nie.

2.5.6 – 2.5.7 Kandidate het dit baie moeilik gevind om te onderskei tussen die area van die dreineerbekke en die rivier self. Dit was een van daardie moeilike BESKRYWENDE vrae.

Vraag 3

3.1.1 – 3.1.2 Alhoewel dit goed beantwoord is, was dit problematies om die diagram te analiseer

3.2.1 – 3.2.5 Goed beantwoord.

3.3

3.3.1 Baie goed beantwoord.

3.3.2 a + b Oor die algemeen goed beantwoord, maar vraag was moeilik om te begryp.

3.3.3 – 3.3.4 Goed beantwoord.

3.3.5 Swak beantwoord.

Die antwoorde het verwys na die basisesebehoeftefilosofie en HOE MENSE SE LEWENSKWALITEIT VERBETER kan word en nie na die BEGINSELS VAN AGENDA 21 nie.

3.4

3.4.1 – 3.4.2 Goed beantwoord.

3.4.3 Te veel soos 3.4.2 – kandidate is verwar.

3.4.4 – 3.4.6 Oorvlueling van vrae

Kandidate het probleme ondervind om die drie vrae te koppel.

3.5

3.5.1 – 3.5.2 Goed beantwoord.

3.5.3 – 3.5.4 Moeilik om te onderskei tussen die twee vrae

3.5.5 Swak beantwoord.

3.5.6 – 3.5.7 Besonder goed beantwoord.

3.5.8 Die STRUKTURERING van die vraag was te ingewikkeld.

Vraag 4

Hierdie vraag is baie swak beantwoord. Die meeste kandidate kon nie die diagramme lees of verstaan nie. Baie lae punte is in albei die opstelvrae behaal. Onderwysers behoort kandidate aan te moedig om die diagramme te lees voordat die vrae aangepak word. Hierdie vaardigheid kan alreeds in graad 8 onderrig en bemeester word. Baie min kandidate het oor die vaardighede beskik om die opstelvrae te lees en te beantwoord. Onderwysers behoort kandidate op te lei oor hoe om hierdie vrae te ontleed ten einde hulle suksesvol te kan beantwoord.

Die kortvrae (4.1 en 4.2) is goed beantwoord. Kandidate moet kennis neem van die instruksie dat slegs die **LETTER** langs die vraagnommer neergeskryf moet word.

Vraag 4.3 is baie swak beantwoord. Kandidate het op die selfoon in die advertensie (Figuur 4.3) in plaas van op die geografiese konteks van die diagram gekonsentreer. Baie van hulle was nie bekend met die konsep "toeganklikheid" nie. Dit het 'n domino-effek gehad op die beantwoording van vraag 4.3.2 (a), (b) and (c). Vraag 4.3.3 en 4.3.4 rakende verkeersopeen-hopings is bevredigend beantwoord.

Vraag 4.3.5 is baie swak beantwoord. Baie min onderwysers het hierdie afdeling onderrig omdat die inhoud nie in die meeste handboeke voorkom nie. 'n Verskeidenheid handboeke moet geraadpleeg word wanneer alle afdelings van Geografie onderrig word.

Die opstelvraag 4.3.6 is baie swak beantwoord. Baie kandidate was onbekend met die konsep "stedelike hernuwing". Baie kandidate het nie albei aspekte van stedelike vernuwing, soos verwas, aangespreek nie. Baie het slegs hulle antwoorde uit die teks oorgeskrif.

Vraag 4.4.1 is bevredigend beantwoord. Baie kandidate het eenwoord- antwoorde soos "klimaat" en "reliëf" verskaf. Dit was nie aanvaarbaar nie. Kandidate moet meer spesifiek wees wanneer hulle vrae beantwoord, bv. gunstige klimaat. Onderwysers moet daarop let dat slegs **LANDBOU** in die sillabus voorgeskryf is. Van die kandidate het die vrae in 4.4.1 met die gunstige en ongunstige faktore van mynbou verwar.

Vrae 4.4.2 and 4.4.3 is baie swak beantwoord. Kandidate kon nie die verband tussen dreineerbekkenbestuur (in Fluviale prosesse onderrig) en voedselsekuriteit (in mense en hulle omgewing onderrig) insien nie. Dit is belangrik dat kandidate die verband tussen die verskillende afdelings as 'n geografiese geheel besef. In 4.4.2 is kandidate verwar deur die eerste deel van die vraag. Die opstelvraag (4.4.3) is baie swak beantwoord.